KOMPLIMENTÊRE MEDISYNE

# PHYTO NOVA Cystemme™

## SKEDULERINGSTATUS
S0

## EIENDOMSNAAM (en doseervorm)
Phyto Nova Cystemme™ (kapsules)

## SAMESTELLING
Elke vegetariese kapsule bevat:
Aktiewe bestanddele:

| | |
|---|---|
| Gevriesdroogde blaar van gekweekte *Warburgia salutaris* | 150 mg |
| *Foeniculum vulgare* saad | 100 mg |
| *Vaccinium macrocarpon* ekstrak | 100 mg |

Onaktiewe bestanddele: silikondioksied, stysel

## FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE
D 33.6 Westese Kruie Medisyne.

## INDIKASIES
Phyto Nova Cystemme™ help in die behandeling en voorkoming van urienweginfeksies insluitende sistitis.

## KONTRA-INDIKASIES
Allergiese reaksies teenoor enige natuurlike produk kan in sensitiewe persone voorkom.
Nie geskik vir kinders jonger as 12 jaar nie.

## WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Kyk **INTERAKSIES** en **NEWE-EFFEKTE**.

## INTERAKSIES
Mag die effek van antikoagulante (soos warfarien) versterk.
*Vaccinium macrocarpon* ekstrak mag die effektiwiteit van teensuurmiddels en medikasies gebruik vir peptiese ulkus-siekte, verminder. Dit mag die absorpsie van vitamien B12 uit die dieet verhoog, wanneer dit gelyktydig met protonpompinhibeerders gebruik word.
Daar is geen kontra-indikasie bekend vir kombinering van *Vaccinium macrocarpon* (veenbessie) ekstrak met antimikrobiese medikasies nie, behalwe in gevalle waar aansuring van die urine problematies mag wees.

## SWANGERSKAP EN BORSVOEDING
Veiligheid gedurende swangerskap is nie bepaal nie.
Gebruik tydens borsvoeding moet met 'n mediese praktisyn of ander geregistreerde professionele gesondheidspraktisyn bespreek word.

## DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:
Neem een kapsule drie keer per dag. Moet nie vir langer as 10 dae aaneenlopend gebruik nie. Indien die simptome voortduur, moet die pasiënt 'n mediese praktisyn of ander geregistreerde professionele gesondsheidswerker raadpleeg.

## NEWE-EFFEKTE
Geen bekend nie.

## BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
Geen bekend nie.

## IDENTIFIKASIE
Groen vegetariese kapsules, gevul met liggroen kruiemateriaal.

## AANBIEDING
Karton wat twee stulppakke met 10 kapsules elk bevat.

## BEWARINGSINSTRUKSIES
Bêre by of onder 25 °C. Beskerm teen lig en vog.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

## REGISTRASIENOMMER
Sal met registrasie deur die Raad toegewys word.

## NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE APPLIKANT
Oethmaan Biosims (Edms) Bpk.
Komatieweg 14
Emmarentia
Johannesburg
2195

OETHMAAN BIOSIMS It's gonna be okay

## DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
April 2010

Hierdie medisyne is nie deur die Medisynebeheerraad geëvalueer nie.
Hierdie medisyne is nie bedoel om enige siekte te diagnoseer, behandel, genees of voorkom nie.

2796 01/2014